Norm
Laerskool Fairland

(Hersien Januarie 2022)

Inhoudsopgawe

Norm 2022

	Bladsy
Inleiding/Doelstelling	**1**
Akademie	**2 – 4**
Sport	**5 – 11**
Kultuur	**12 – 20**

Inleiding / Doelstelling

Die Norm van Laerskool Fairland se doelwit is om as ‘n maatstaf te dien waarvolgens toekennings aan leerders gemaak kan word as hulle buitengewone vordering toon, konsekwent volhard en presteer en ook as hulle uitsonderlike talent openbaar en dit gebruik om die beste te doen wat hulle kan op akademiese, sport- en kultuurgebied.

Erkenning word gegee vir verskeie vlakke van prestasie vanaf interskole, streek-, provinsiaal, nasionaal en internasionale vlak. Die toekennings word gemaak in die vorm van sertifikate, medaljes, balkies, half-erekleure, erekleure, trofeë en erepennings.

AKADEMIE

(Hersien Januarie 2022)

Die norm is gebaseer op die volgende beginsels:

GRAAD R TOT GRAAD 3

1. Geen formele toekenningsgeleenthede vind plaas nie.

2. 'n Leerder sal 'n sertifikaat en 'n vorderingsverslag aan die einde van kwartaal 4 ontvang.

GRAAD 4 TOT GRAAD 7

Gr. 4 tot gr. 7 se akademiese toekennings sal tydens 'n akademiese toekenningsgeleentheid aan die einde van hul gr. 4- tot gr. 7-jaar toegeken word.

Goeie vorderingsertifikate word aan die begin van elke kwartaal vanaf kwartaal 2 tot kwartaal 4 uitgedeel om leerders wat goeie, akademiese vordering (5% of meer vordering op gemiddelde persentasie) gedurende die voorafgaande kwartaal getoon het, te beloon.

'n Leerder kan slegs een lapbalkie vir akademie per jaar ontvang.

SLEGS DIE HOOGSTE TOEKENNING WORD GEMAAK.

TOPPRESTEERDER – METAALBALKIE

Dit word kwartaalliks by 'n saalbyeenkoms aan alle leerders wat in gr. 4 tot gr. 7 'n gemiddeld van 90% of hoër behaal het, toegeken. **GEEN AFRONDING WORD GEDOEN NIE EN DIE LEERDER MOET 90% OF MEER Hê.**

Dit word ook jaarliks aan die toppresteerder per graad (gr. 4 tot gr. 7) toegeken op die toekenningsaand. Slegs die name van die toppresteerders in die eerste posisie (gr. 4 tot gr. 7) volgens die promosiepunt word op die ererolbord aangebring.

1. **BALKIE**

   Dit word jaarliks aan alle leerders in gr. 4 tot gr. 7 met 'n gemiddelde promosiepunt (kwartaal 1 tot 4) van 85% - 89.9% toegeken. Geen afronding word gedoen nie.

2. **HALF-EREKLEURE**

   Half-erekleure word toegeken aan die gr. 4- tot gr. 7-leerders met 'n gemiddeld van 90% - 94,9% bereken op die promosiepunt (uitgesluit die top 5 van elke graad)

3. EREKLEURE

Erekleure word toegeken aan alle leerders waarvan die gemiddeld 95% en hoër is bereken op die promosiepunt. Die top 5-leerders in gr. 4 tot gr. 7 (minimum vereiste 90% gemiddelde promosiepunt) ontvang erekleure.

Indien 'n leerder vanaf gr. 4 tot gr. 6 elke jaar half-erekleure ontvang het vir 'n gemiddeld bo 90% bereken op promosiepunt, ontvang die leerder erekleure.

TROFEë – AKADEMIE (Gr. 4 tot gr. 6)

Dit word tydens die akademiese toekenningsgeleentheid toegeken.

Akademiese toppresteerder	Graad 4 – hoogste persentasie (promosiepunt)
Akademiese toppresteerder	Graad 5 – hoogste persentasie (promosiepunt)
Akademiese toppresteerder	Graad 6 – hoogste persentasie (promosiepunt)
Akademiese toppresteerder	Graad 4 tot Graad 6

Indien meer as een leerder hierdie prestasie deel, word die trofee gedeel.

TROFEë – AKADEMIE (Gr. 7)

Vaktrofeë word toegeken aan die leerder met die hoogste promosiepunt in die betrokke vak.

Afrikaans
Engels
Wiskunde
Natuurwetenskap
EBW
Sosiale Wetenskappe
Skeppende Kuns
Lewensoriëntering
Tegnologie

Beste akademiese prestasie Graad 7 (Dux-leerder).

Akademiese toppresteerders (Slegs gr. 7-leerders wat erekleure en half-erekleure ontvang.) – spesiale medalje waarop toppresteerder gegraveer is.

BUITENGEWONE AKADEMIESE PRESTASIES

Daar sal tydens die akademiese toekenningsgeleenthede melding gemaak word van die hoogste/beste prestasie wat 'n leerder behaal het. (Met verwysing na olimpiades, WOW-spelfees en ander aktiwiteite soos deur die skool gekoördineer). Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die stawende bewyse vir sodanige prestasies te lewer. Alle medaljes, trofeë en oorspronklike sertifikate in verband met sodanige prestasies moet by Kamer 33 ingehandig word ter verifikasie van prestasie. Slegs sertifikaat van hoogste/beste prestasie sal tydens toekenningsgeleenthede uitgedeel word – geen medaljes of trofeë sal uitgedeel word nie.

Erekleure kan verwerf word vir nasionale top 3-plekke en half-erekleure vir nasionale plekke 4 - 10 van WOW-spelfees, Wiskunde olimpiade of soortgelyke akademiese geleenthede soos deur Laerskool Fairland gekoördineer.

Akademie, Sport en Kultuur buite skoolverband

Geen toekennings of vermeldings sal tydens die prysuitdeling vir enige buite-sport of buite-kultuur of buite-akademie gedoen word nie. (met uitsondering van die WOW-spelfees, wiskunde olimpiade en ATKV-redenaars wat deur die skool gekoördineer word). Tydens saalopeninge sal sodanige prestasies uitgelees word en met ouertoestemming op sosiale media platforms gepubliseer word. Boekpryse kan ook tydens saalopeninge uitgedeel word aan verdienstelike gevalle van besonderse vordering.

Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die relevante inligting en/of foto per e-pos aan prestasies@laerskoolfairland.co.za te stuur.

Waar van toepassing sal toekennings vir erekleure en half-erekleure dadelik toegeken word aan die gr. 7-leerders vir sport en kultuur na goedkeuring deur die beheerliggaam. Erekleure/half-kleure is onderhewig aan deelname aan inter-provinsiale (meerderheid provinsies teenwoordig is) of nasionale toernooie vir sport.

Leerder moet die skoolspan verteenwoordig (lid van skoolspan wees) om in aanmerking te kom vir enige toekennings.

Die normkomitee behou die reg om finale besluit te neem ten opsigte van alle toekennings.

Vir alle navrae in verband met die norm, stuur 'n e-pos aan norm@laerskoolfairland.co.za.

SPORT

(Hersien Januarie 2022)

Die norm is gebaseer op die volgende beginsels:

GRAAD R TOT GRAAD 3

1. Geen formele toekenningsgeleenthede vind plaas nie.

2. Die skool skep wel geleentheid vir deelname aan leerders tussen die ouderdom van (o/6 – o/9) om aan seniorkompetisie(s) deel te neem, maar sal geen toekenning daarvoor ontvang nie.

3. Indien 'n gr. 3-leerder 10 jaar oud is en in die o/10-ouderdomsgroep deelneem, sal die leerder wel erkenning hiervoor ontvang.

GRAAD 4 TOT GRAAD 7

1. Slegs leerders wat gedurende 'n kalenderjaar 10 jaar en ouer word, kom in aanmerking vir 'n toekenning.

2. 'n Leerder kan slegs een medalje vir 'n kode per jaar ontvang.

3. 'n Leerder kan slegs een balkie vir 'n kode per jaar ontvang.

Wanneer 'n leerder kwalifiseer vir 'n medalje en 'n balkie word slegs die hoogste toekenning per kode gemaak. Dit is wel moontlik vir 'n leerder om bv. erekleure in krieket, half-erekleure in rugby en 'n balkie in tennis dieselfde jaar te verwerf.

'n Leerder kan half-erekleure of erekleure vir elke sportsoort binne skoolverband verwerf.

SPORT BINNE SKOOLVERBAND

SA-span en/of Internasionale deelname		:	Erepenning
A-span:	Provinsiaal	:	Erekleure
B-span:	Provinsiaal	:	Half-erekleure
Provinsiale Toernooiwenners soos GSS, Goue Leeus, ens.		:	Erekleure
Provinsiale Toernooi-naaswenners soos GSS, Goue Leeus, ens.		:	Half-erekleure
A-span:	Ligawenners	:	Balkie
A-span:	Distrikspan	:	Balkie
B-span:	Distrikspan	:	Medalje
B-span:	Ligawenners	:	Medalje
C-span:	Distrikspan	:	Medalje
C-span:	Ligawenners	:	Medalje
D-span:	Distrikspan	:	Medalje
D-span:	Ligawenners	:	Medalje

SPORTSOORTE BINNE SKOOLVERBAND

- Atletiek
- Rugby
- Netbal
- Krieket
- Tennis
- Landloop
- Skaak
- Hokkie
- Swem

SPORT BINNE SKOOLVERBAND

A. ATLETIEK

INDIVIDUELE PRESTASIES

Na deeglike ondersoek en besinning met vergelyking van punte behaal op ABSA-tabel, is daar besluit om klub-atletiek wel te erken op grond van ooreenstemmende vlakke van deelname en prestasies behaal. Atletiekklubs moet geaffilieer wees by SA Atletiek.

SA-span (Top 3) en/of Internasionaal		:	Erepenning
i)	Provinsiaal	:	Erekleure
ii)	Gauteng-kampioenskap (Slegs plekke 1 – 10 in finaal behaal)	:	Half-erekleure
iii)	D10-span	:	Balkie
iv)	Intercluster span	:	Medalje

B. RUGBY

GROEP

i)	A-span:	Goue Leeus-wenners (o/10 - o/13)	:	Erekleure
		Goue Leeus-naaswenners (o/10 - o/13)	:	Half-erekleure
ii)	A-span:	Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Balkie
iii)	B-span:	Streekligawenners (o/10 - o/11)	:	Medalje
iv)	2de-, 3de- en 4de spanne: Streekligawenners (o/13)		:	Medalje

INDIVIDUEEL

SA-span en/of Internasionale deelname			:	Erepenning
i)	A-span:	Provinsiaal (Goue Leeus 7's) (o/13 en o/12)	:	Erekleure
ii)	B-span:	Provinsiaal (Vyftiental 7's) (o/13 en o/12)	:	Half-erekleure
iii)	A-span:	Sentraalspan (o/12 en o/13)	:	Balkie
iv)	A-span:	Sentraal–kliniekspan (o/11 - o/13)	:	Balkie
v)	B-span:	Sentraal–kliniekspan (o/11 - o/13)	:	Medalje

Dieselfde erkenning sal aan leerders verleen word indien hulle in dieselfde provinsiale toernooi op dieselfde vlak deelneem. Indien vlak van deelname verskil, sal daar dan dienooreenkomstig verskil wees in sodanige erkenning.

C. KRIEKET

GROEP

i)	A-span: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Balkie
ii)	B-span: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Medalje
iii)	2de-, 3de- en 4de spanne: Streekligawenners	:	Medalje

INDIVIDUEEL

SA-span en/of Internasionale deelname		:	Erepenning
i)	Provinsiale span (o/10 - o/13)	:	Erekleure
ii)	Gauteng-streek (o/10 – o/13)	:	Half-erekleure
iv)	Johannesburg Noordwesspan (o/10 – o/13)	:	Balkie

D. NETBAL

GROEP

i)	Nasionale toernooi (plekke 1 - 8)	:	Erekleure
ii)	Nasionale toernooi (plekke 9 - 16)	:	Half-erekleure
iii)	Gautengwenners (o/11- o/13)	:	Erekleure
iv)	Gauteng-naaswenners (o/11- o/13)	:	Half-erekleure
v)	A-span: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Balkie
vi)	B-span: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Medalje
vii)	C-span: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Medalje
viii)	D-span: Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Medalje

INDIVIDUEEL

SA-span en/of Internasionale deelname		:	Erepenning
i)	Provinsiale span (o/12 en o/13)	:	Erekleure
ii)	Gauteng-squad (Finale groep voor aankondiging van spanne):		Half-erekleure
iii)	JOMO-span (o/12 en o/13)	:	Balkie

E. TENNIS – slegs binne skoolverband

GROEP

i)	A-span: Streekligawenners Junior- en seniorspanne	:	Balkie
ii)	B-span: Streekligawenners Junior- en seniorspanne	:	Medalje
iii)	A-span: Provinsiale span	:	Erekleure
iv)	B-span: Provinsiale span	:	Half-erekleure

INDIVIDUEEL / DUBBELS

SA-span (Top 3) en/of Internasionale deelname		:	Erepenning
i)	Plek 1 - 32 behaal op die TSA-rangleer (Junior/Senior) gedurende die jaar	:	Erekleure
ii)	Plek 33 - 64 behaal op die TSA-rangleer (Junior/Senior) gedurende die jaar	:	Half-erekleure
iii)	Dubbels: Plek 1 – 32 behaal op die TSA-rangleer (Junior/Senior) gedurende die jaar	:	Half-erekleure
iv)	Dubbels: Plek 33 - 64 behaal op die TSA-rangleer (Junior/Senior) gedurende die jaar	:	Balkie

F. LANDLOOP

INDIVIDUEEL

Na deeglike ondersoek en besinning met vergelyking van punte behaal op ABSA-tabel, is daar besluit om klub-atletiek wel te erken op grond van ooreenstemmende vlakke van deelname en prestasies behaal. Atletiekklubs moet geaffilieer wees by SA Atletiek.

SA-span (Top 3) en/of Internasionale deelname		:	Erepenning
i)	Provinsiale span	:	Erekleure
ii)	Gauteng-kampioenskap (Slegs plekke 1 – 10 in finaal behaal)	:	Half-erekleure
iii)	D10-span	:	Balkie
iv)	D10-Kampioenskapbyeenkoms	:	Medalje

G. HOKKIE

GROEP

i)	A-span:	Suid-Gautengwenners (o/13)	:	Erekleure
		Suid-Gauteng naaswenners (o/13)	:	Half-erekleure
ii)	A-span:	Best of the Best wenner	:	Half-erekleure
iii)	A-span:	Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Balkie
iv)	B-span:	Streekligawenners (o/10 - o/13)	:	Medalje

INDIVIDUEEL

SA-span (Top 3) en/of Internasionale deelname		:	Erepenning
i)	A-span: Provinsiale span (o/12 en o/13)	:	Erekleure
ii)	B-span: Provinsiale span (o/12 en o/13)	:	Half-erekleure
iii)	A-span: D10-span (o/11 - o/13)	:	Balkie
iv)	B-span: D10-span (o/11- o/13)	:	Medalje

H. SKAAK

GROEP

i)	A-span: Streekligawenners (o/10; o/12; o/14)	:	Balkie
ii)	B-span: Streekligawenners (o/10; o/12; o/14)	:	Medalje

INDIVIDUEEL

SA-span (Top 3) en/of Internasionale deelname			:	Erepenning
i)	A-span:	Provinsiaal	:	Erekleure
ii)	B-span:	Provinsiaal	:	Half-erekleure
iii)	A-span:	D10-span / Noordwesrandspan	:	Balkie
iv)	B-, C- en D-spanne:	D10-span / Noordwesrandspan	:	Medalje

I. SWEM

GROEP

i)	Gauteng-skole: wenners	:	Erekleure
ii)	Gauteng-skole: naaswenners	:	Half-erekleure
iii)	A-span: Streekligawenners (o/10 – o/13)	:	Balkie
iv)	B-span: Streekligawenners (o/10 – o/13)	:	Medalje

INDIVIDUEEL

Vir kort- of langbane (Galas met SSA-tye)

SA-span (Top 3) en/of Internasionale deelname		:	Erepenning
Top 3 posisies in 'n slag/afstand soos bevestig deur SSA (Mei)		:	Erepenning
i)	SA-skole deelname en behaal Top 10	:	Erekleure
ii)	SANJ: 1 of meer SSA SANJ-tye (o/10 – o/13)	:	Erekleure
iii)	Gauteng-skole en behaal Top 10	:	Half-erekleure
i)	Vlak 3: 5 SSA vlak 3-tye in verskillende slae/afstand (o/10 – o/13)	:	Erekleure
ii)	Vlak 3: 3 SSA vlak 3-tye in verskillende slae/afstande (o/10 – o/13)	:	Half-erekleure
iii)	Vlak 2: 2 of meer SSA vlak 2 tye in verskillende slae/afstande (o/10 – o/13)	:	Balkie

TROFEë – SPORT

Sport-trofeë: Verskeie faktore word in ag geneem met die toekenning van sport-trofeë nl. hoogste prestasie behaal asook die deurlopende spel gelewer deur die betrokke jaar. Die sportorganiseerder tesame met die betrokke afrigters is by die besluitneming betrokke.

SKAAK:	Beste speler (o/10 - o/11)
	Beste speler (o/12 - o/13)
ATLETIEK:	Beste atleet o/10 (seun)
	Beste atleet o/10 (dogter)
	Beste atleet o/11 (seun)
	Beste atleet o/11 (dogter)
	Beste atleet o/12 (seun)
	Beste atleet o/12 (dogter)
	Beste atleet o/13 (seun)
	Beste atleet o/13 (dogter)
LANDLOOP:	Beste landloopatleet – seuns (o/10 - o/11)
	Beste landloopatleet – dogters (o/10 - o/11)
	Beste landloopatleet – seuns (o/12 - o/13)
	Beste landloopatleet – dogters (o/12 - o/13)
HOKKIE:	Beste speler o/10 (dogter)
	Beste speler o/11 (dogter)
	Beste speler o/12 (dogter)
	Beste speler o/13 (dogter)
	Beste Juniorseun (o/10 - o/11)
	Beste Seniorseun (o/12 - o/13)

NETBAL:	Beste speler o/10
	Beste speler o/11
	Beste speler o/12
	Beste speler o/13
KRIEKET:	Beste speler o/10
	Beste speler o/11
	Beste speler 1ste span
RUGBY:	Beste speler o/10
	Beste speler o/11
	Beste speler 1ste span
TENNIS:	Beste Juniordogter (o/10 - o/11)
	Beste Juniorseun (o/10 - o/11)
	Beste Seniordogter (o/12 - o/13)
	Beste Seniorseun (o/12 - o/13)

TENNIS: JUNIOR-/SENIORBEKER

Die beker gaan aan die senior-/juniorspeler wat die hoogste posisie op die TSA-/skoolranglys behaal het. Indien daar geen speler op die TSA-ranglys verskyn het gedurende die jaar nie, sal die speler wat die langste in die nr. 1 posisie vir die skool gespeel het, die beker ontvang. D.w.s. hierdie leerder het die grootste gedeelte van die jaar in die nr. 1 posisie vir die skool gespeel. Indien 'n juniorspeler besluit om vir die seniorwedstryde te speel, sal hierdie leerder nie in aanmerking geneem word vir die juniorbeker nie. Interpretasie ten opsigte van tennistrofeë is dat daar eerste gekyk sal word na skoolranglys en dan na TSA-ranglys.

SWEM:	Beste swemmer o/10 - o/11	(seun)
	Beste swemmer o/10 - o/11	(dogter)
	Beste swemmer o/12 - o/13	(seun)
	Beste swemmer o/12 - o/13	(dogter)

Die beker gaan aan die leerder in die spesifieke ouderdomsgroep wat die beste tyd/e op die hoogste vlak tydens SSA galas geswem het deur die loop van die jaar.

ALGEMEEN

Hoogste prestasie in een of meer van die amptelike sportkodes binne skoolverband (Sportseun)
Hoogste prestasie in een of meer van die amptelike sportkodes binne skoolverband (Sportdogter)

Akademie, Sport en Kultuur buite skoolverband

Geen toekennings of vermeldings sal tydens die prysuitdeling vir enige buite-sport of buite-kultuur of buite-akademie gedoen word nie. Tydens saalopeninge sal sodanige prestasies uitgelees word en met ouertoestemming op sosiale media platforms gepubliseer word.

Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die relevante inligting en/of foto per e-pos aan prestasies@laerskoolfairland.co.za te stuur.

Waar van toepassing sal toekennings vir erekleure en half-erekleure dadelik toegeken word aan die gr. 7-leerders vir sport en kultuur na goedkeuring deur die beheerliggaam. Erekleure/half-kleure is onderhewig aan deelname aan inter-provinsiale (meerderheid provinsies teenwoordig is) of nasionale toernooie vir sport.

Leerder moet die skoolspan verteenwoordig (lid van skoolspan wees) om in aanmerking te kom vir enige toekennings.

Die normkomitee behou die reg om finale besluit te neem ten opsigte van alle toekennings.

Vir alle navrae in verband met die norm, stuur 'n e-pos aan norm@laerskoolfairland.co.za.

KULTUUR

(Hersien November 2021)

Die norm is gebaseer op die volgende beginsels:

Die maatstawwe vir kultuurtoekennings word gebaseer op deelname aan die KOLLIG interskole kunstefees. Deelnemers in die verskillende genres, moet deurdring na die finale ronde, wat deurentyd deur 'n paneel van eksterne kundiges beoordeel word. Die finale optredes/ kunswerke/ toesprake word op 'n aparte ranglys geplaas vir elk van Uitvoerende Kuns, Visuele kuns, Redenaars en Public speaking. Posisies op die ranglyste kwalifiseer progressief vir verskillende toekennings.

Toekennings word in 7 genres gemaak (drama, dans, sang en instrumentaal vorm deel van die uitvoerende kunste):

1. Drama
2. Dans
3. Instrumentaal
4. Sang
5. Visuele kuns
6. Redenaars
7. Public speaking

GRAAD R TOT GRAAD 3

1. Geen formele toekenningsgeleenthede vind plaas nie.

2. Die skool skep wel geleentheid vir deelname aan leerders tussen die ouderdom van (o/6 – o/9) om aan seniorkompetisie(s) deel te neem, maar sal geen toekenning daarvoor ontvang nie.

3. Indien 'n gr. 3-leerder 10 jaar oud is en in die o/10-ouderdomsgroep deelneem, sal die leerder wel erkenning hiervoor ontvang.

GRAAD 4 TOT GRAAD 7

1. Slegs leerders wat gedurende 'n kalenderjaar 10 jaar en ouer word, kom in aanmerking vir 'n toekenning.
2. 'n Leerder kan slegs een medalje vir 'n genre per jaar ontvang.
3. 'n Leerder kan slegs een balkie vir 'n genre per jaar ontvang.

Slegs die hoogste toekenning van 'n leerder in elke genre word toegeken. Wanneer 'n leerder kwalifiseer vir 'n medalje en 'n balkie in dieselfde genre, bv. Dans, word slegs die hoogste toekenning gemaak. Dit is wel moontlik vir 'n leerder om 'n toekenning in elk van die **7** genres te kry.

Leerders neem in ouderdomsverwante graadgroepe deel.

Groep 1: Gr. R tot gr. 3
Groep 2: G. 4 en gr. 5
Groep 3: Gr. 6 en gr. 7

Die kultuurnorm bied geleentheid aan die leerders van Laerskool Fairland om aan 'n interskole kunstefees (KOLLIG) deel te neem, ten einde die volgende doelwitte te bereik:

- Die daarstelling van gelyke geleenthede aan al die leerders ongeag agtergrond, finansiële beperkings of vlak van kundigheid.
- Kompetisie sal vanaf 2021 leerders van deelnemende skole insluit vanaf Ronde 1.
- Dat uitmuntendheid bepaal sal word deur 'n stel kriteria wat deur middel van 'n standaard beoordeelstaat soos ooreengekom deur die deelnemende skole, gemeet sal word.
- Die kriteria vir beoordeling sal ontwikkel word deur die lede van die verteenwoordigende komitee (VK) bestaande uit een afgevaardigde verteenwoordiger van elke skool, in samewerking met kultuurspanne en kundiges van die skole.
- Laerskool Fairland se toekennings sal gebaseer word op die hoogste prestasies wat tydens die kunstefees se finaal (ronde 2) behaal word.
- Beoordeling sal deur 'n onafhanklike paneel kundige beoordelaars geskied.
- Toekennings word gekoppel aan persentasies soos deur beoordelaars bepaal.
- Drama, Dans, Instrumentaal, Sang, Redenaars, Public Speaking en Visuele Kuns is aparte genres.
- Daar sal voortaan slegs een inskrywing per deelnemer per kategorie toegelaat word, tensy een 'n solo en een 'n groep is, bv. slegs EEN inskrywing vir SANGSOLO Kontemporêr en nog EEN inskrywing in SANGDUO Kontemporêr, of die leerder speel op verskillende instrumente in dieselfde kategorie, bv. Rock-solo op dromme en Rock-solo op kitaar.
    - Gr. R tot gr. 3 mag vanaf 2021 aan beide rondes deelneem vir kultuurontwikkelingsdoeleindes. **Alle uitslae** (gr. R tot gr. 7) sal na afloop van ronde 2 (finaal) uitgedeel word. Toekennings vir gr. 4 tot gr. 7 sal eers op die toekenningsaande oorhandig word.
    - Gr. R-leerders mag aan die Drama, Dans, Instrumentaal, Sang, en Visuele Kuns deelneem.
    - Deelnemende skole sal na aanleiding van die aantal inskrywings per kategorie, vooraf kan besluit hoeveel items bv. Top 10 van Uitvoerende genres: Drama, Dans, Instrumentaal en Sang, sal kwalifiseer vir die ronde 2 (Showcase finaal).
    - Die finale beoordeling vir die Uitvoerende Kunste sal by die Showcase Finaal plaasvind.
    - Elke deelnemende skool mag een of meer genres van die Kunstefees aanbied en fasiliteer.

GENRES

1. DRAMA (Afrikaans en/of Engels)

Kategorieë (Individueel en/of groep)

Leerders mag in enige van die kategorieë of in almal inskryf. Slegs EEN keer as individu en nog een keer as lid van 'n groep waar van toepassing.

1.1	Prosa	(Gedramatiseerd) Slegs individueel
1.2	Spreekkore	(Kleinkore 6 - 10) (Grootkore 11 - 100)
1.3	Poësie	Eie keuse gedramatiseerd
1.4	Monoloog	Komies
1.5	Monoloog	Dramaties
1.6	Monoloog	Verhalend
1.7	Monoloog	Liries
1.8	Storievertelling	Gedramatiseerd, groep en/of Individueel
1.9	Ensemble-werk	
1.10	Dialoog	
1.11	Dansdrama	
1.12	Bewegingsdrama	Groep/Individueel
1.13	Mimiek	Groep/Individueel
1.14	Improvisasie	
1.15	Oop kategorie	

2. DANS

Kategorieë (Individueel en/of groep)

2.1 HipHop
2.2 Klassieke ballet
2.3 Kontemporêre dans
2.4 Jazz
2.5 Tradisioneel (Spaans, Afrika, Skotse dans, Iers/Kelties)
2.6 Klopdans/"Tap"
2.7 "All style"
2.8 Akrobatiese dans
2.9 Liriese dans
2.10 "Musical theatre"
2.11 Eie choreografie
2.12 Oop kategorie
2.13 Revue-groepe

3. MUSIEK: INSTRUMENTAAL

Snaarinstrumente / Strykers / Perkussie / Blaasinstrumente /Tradisionele instrumente
Leerders mag in enige een of meer van die volgende kategorieë inskryf, maar slegs een solo-inskrywing per afdeling doen, per instrument. Hulle mag egter ook as 'n duo, trio, ens. inskryf in dieselfde kategorie.

Kategorie (Individueel en/of groep)

3.1	Barok	1600 - 1699
3.2	Klassiek	1700 - 1799
3.4	Romanties	1800 - 1899
3.5	20ste eeu	1900 -1999 (Klassiek)
3.6	Jazz	
3.7	Rock	
3.8	Pop	
3.9	Folk en country	
3.10	R & B (Rhythm and Blues)	
3.11	Bands /Elektriese instrumente	
3.12	Eie komposisies	
3.13	Oop kategorie	
3.14	Slagorkes	Bv. Orff-instrumente, tradisioneel bv. marimba, ens.

Alle instrumente kompeteer teen mekaar in elke kategorie, bv. tjello-, klavier- en kitaarsolo's in die POP- kategorie.

4. **MUSIEK: SANG**

Leerders mag in enige een of meer van die volgende kategorieë inskryf, maar slegs een solo-inskrywing per kategorie doen. Hulle mag egter ook as 'n duo, trio, ens. inskryf in dieselfde kategorie.
Daar word aanbeveel dat deelnemers met lewendige begeleiding optree, bv. 'n pianis, of hulleself begelei. Deelnemers mag ook sonder begeleiding sing (A capella).

Kategorieë (Individueel en/of groep)

4.1 Klassiek
4.2 Jazz
4.3 Rock
4.4 Pop
4.5 Folk en country
4.6 R & B (Rhythm and Blues)
4.7 "Musical theatre" (bv. Annie, Cats, ens.)
4.8 Film temamusiek (bv. High school musical, Mamma Mia, ens.)
4.9 Afrikaans kontemporêr (Jazz / Pop / Rock / ens.)
4.10 Gewyd/Gospel
4.11 Tradisioneel/Volksliedjies (enige taal)
4.12 Oop kategorie
4.13 Kore

5. REDENAARS

Groep 1: Gr. 1 tot gr. 3
Groep 2: Gr. 4 en gr. 5
Groep 3: Gr. 6 en gr. 7

Gr. 1 tot gr. 3 (Groep 1)
Hierdie leerders sal vanaf 2021 aan beide ronde 1 en 2 kan deelneem (Voorbereid)
Hulle sal hul uitslae na afloop van die tweede ronde (finaal) ontvang. Leerders sal moet kwalifiseer om aan ronde 2 deel te neem – dit sal die 5 topredenaars in elke groep wees.

Gr. 4 tot gr. 7 (Groep 2 en 3)
Die 2 groepe (gr. 4-5 en gr. 6-7) sal vanaf 2021 ook aan albei rondes mag deelneem as hulle kwalifiseer. Hulle moet die 5 topredenaars in hulle groep wees.

Ronde 1: **Voorbereid**
(Gr. 6 en 7 moet ook onvoorbereid redeneer)
Ronde 2: **Finaal**
(Slegs die 5 toppresteerders in elke groep neem deel)
Dieselfde as vir Ronde 1
Spanredenaars (Sal slegs in Ronde 2 plaasvind)

RANGLYS

Aan die einde van die tweede ronde word die kwalifiserende redenaars (gr. 4 tot gr. 7) se finale punte op 'n ranglys van hoog na laag gerangskik, waarna die normkomitee sal besluit vir watter toekennings hulle kwalifiseer.

ATKV-REDENAARS

Aangesien die skool deelname aan die ATKV-redenaars koördineer (net soos die deelname aan die verskeie olimpiades en die WOW-spelfees) en leerders slegs deur die skool kan inskryf, gee ons erkenning aan redenaars wat deurdring na die ATKV se redenaarskompetisie. Slegs sertifikaat van hoogste/beste prestasie by die ATKV sal tydens toekenningsgeleenthede uitgedeel word – geen medaljes of trofeë sal uitgedeel word nie. Top 3 in Suid-Afrika vir ATKV-redenaars sal erekleure verwerf. Top 4-10 in SA vir ATKV-redenaars sal half-erekleure verwerf. Die ouer is verantwoordelik vir lewering van stawende dokumentasie om sodanige prestasie te verifieer. Bewyse moet na norm@laerskoolfairland.co.za gestuur word vir prosessering.

6. PUBLIC SPEAKING

Dit sal vanaf 2021 soos Redenaars oor 2 rondes plaasvind. Slegs die 5 toppresteerders per groep gaan deur na die finaal (ronde 2). Temas sal vooraf verskaf word.

Dieselfde ouderdomskriteria as vir die Redenaars geld.
Groep 1: **Gr. 1 tot gr. 3**
Groep 2: **Gr. 4 en gr. 5**
Groep 3: **Gr. 6 en gr. 7**

Ronde 1: **Inligtingstoespraak / Inspirerende toespraak-/ Vermaaklikheidstoespraak**
Beredenerende toespraak
Ronde 2: **Finaal**

Aan die einde van die tweede (finale) ronde, word die finale deelnemers se punte op 'n ranglys geplaas om die Best Public Speaker aan te wys.

7. VISUELE KUNS

Hierdie deel van die kompetisie sal oor 2 rondes plaasvind.
Uitslae sal na afloop van die finaal bekendgemaak word. Toekennings vir gr. 4 tot gr. 7 sal eers by die toekenningsgeleenthede gemaak word.

Ronde 1: **Kategorieë**

Illustrasie of skilderkuns

Deelnemers sal gevra word om 'n kunswerk te skep n.a.v. 'n gegewe tema in 'n voorgeskrewe medium, bv. verf/pastelle/potlood.
Ronde 1 sal by elke skool gehou word vir hulle deelnemers. Voltooide kunswerke word verseël in 'n koevert en na die gasheerskool gestuur vir beoordeling. Die eerste ronde se beoordeling word gedoen deur die afgevaardigde kunsonderwysers van **elke** skool. (Dus 'n paneel van kunsonderwysers van elke skool)

Ronde 2: Finaal
Punte verwerf in ronde 1, sal gebruik word om die topkunswerke (waarskynlik 5 per graad per skool) aan die eksterne beoordelaars voor te lê. Punte verwerf in die finaal (ronde 2) sal gebruik word om die toppresteerders van elke graad aan te wys.
Die finale ronde uitslae sal op 'n ranglys geplaas word om die Topkunstenaar aan te wys.

TOEKENNINGS: KULTUUR

Alle toppresteerders sal aangewys word in oorleg met die insette van 'n paneel kundige beoordelaars in samewerking met die normkomitee. Hierdie reëling geld vir alle genres. Hulle finale besluite in die verband sal gebaseer wees op die handhawing van standaarde met minimum vereistes vir elke aktiwiteit. Die normkomitee behou die reg om die minimumvereistes te bepaal. Geen ateljees of privaatafrigters sal spesiale vermelding op Laerskool Fairland se toekenningsaande kry nie. Leerders skryf in as skoliere van Laerskool Fairland.
Leerders met die topprestasies in elke genre (Redenaars en Public speaking Top 5 in elke ouderdomsgroep van elke deelnemende skool). (Sang, Dans, Drama en Instrumentaal Top 10 algeheel in elk van die uitvoerende genres word gekies om verder deel te neem in ronde 2 (finaal). Aangesien verskillende panele die verskillende genres beoordeel, mag die persentasies verskil.

UITVOERENDE KUNSTE

RONDE 1
GROEP 1 (Gr. R tot gr. 3)

Gr. R tot gr. 3 sal hulle uitslae na afloop van die finale ronde 2 van die kunstefees ontvang.

GROEP 2 EN 3 (Gr. 4 tot gr. 7)

Hierdie groepe kwalifiseer vir moontlike toekennings in terme van die kultuurnorm.

RONDE 2
Uitvoerende Kunste Finaal

Dit sluit dans, drama, sang en instrumentaal in. Hierdie kwalifiserende deelnemers word bepaal deur die beoordelaars en is diegene met die hoogste gemiddelde persentasies (waarskynlik TOP 10 in hul onderskeie genres van die deelnemende skole.

'n Leerder mag net vir 1 inskrywing per genre (dus 1 x vir drama, 1 x vir dans, 1 x vir sang en 1 x vir instrumentaal) kwalifiseer vir die finaal, met ander woorde 4 inskrywings in totaal (tensy dit individueel sowel as lid van 'n groep is). In so 'n geval sal die leerder vir beide die inskrywings mag kwalifiseer vir die finaal, om nie die groeplede te penaliseer nie.

Graadwenners

Die graadwenners sal ook aangewys word (gebaseer op topprestasie in graad oor al 7 genres na afloop van die finaal).

MEDALJES, BALKIES, HALF-EREKLEURE EN EREKLEURE VIR FINALISTE
(Toegeken vir Uitvoerende kuns; Visuele kuns, Redenaars en Public Speaking. Die genres van sang, dans, drama en instrumentaal resorteer onder Uitvoerende Kunste.)

Die finaliste wat deelneem aan Ronde 2 sal volgens 'n rangleer, gebaseer op persentasies verwerf by die finaal, moontlik kan kwalifiseer vir een van bogenoemde toekennings soos bepaal deur die normkomitee. Topprestasies in sang, dans, drama en instrumentaal sal erkenning kry vir Uitvoerende Kuns. Top 3 in Suid-Afrika vir ATKV-redenaars sal erekleure verwerf. Top 4-10 in SA vir ATKV-redenaars sal half-erekleure verwerf.

TROFEË

UITVOERENDE KUNS

Sal bepaal word na afloop van die KOLLIG Showcase finaal (Uitvoerende Kuns) en die finale rondes van Redenaars, Public Speaking en Visuele Kuns.

REDENAARS

Medaljes, balkies, half-erekleure en erekleure sal deur die normkomitee bepaal word, gebaseer op finale ranglys.

PUBLIC SPEAKING

Medaljes, balkies, half-erekleure en erekleure sal deur die normkomitee bepaal word, gebaseer op finale ranglys.

VISUELE KUNS
Medaljes, balkies, half-erekleure en erekleure sal deur die normkomitee bepaal word, gebaseer op finale ranglys.

TROFEË

Die hoogste persentasie bereik oor al sewe genres per graad.

Graadwenners:	Topprestasie in Graad (gr. 4) Algeheel
	Topprestasie in Graad (gr. 5) Algeheel
	Topprestasie in Graad (gr. 6) Algeheel
	Topprestasie in Graad (gr. 7) Algeheel

Genre-wenners:	Toppresteerder:	Dans
	Toppresteerder:	Sang
	Toppresteerder:	Instrumentaal
	Toppresteerder:	Drama
	Toppresteerder:	Redenaars
	Toppresteerder:	Public Speaking
	Toppresteerder:	Visuele Kuns

[Hierdie kan aan individue of 'n groep toegeken word.]

Die algehele wenners sal 'n wisseltrofee verower:

Kultuur:
Uitblinker van die jaar – Seun
Uitblinker van die jaar – Dogter

TROFEE – ALGEMEEN

Wisseltrofee: Veelsydigheid vir akademie, sport en kultuur (gr. 7-seun)
Wisseltrofee: Veelsydigheid vir akademie, sport en kultuur (gr. 7-dogter)

Akademie, Sport en Kultuur buite skoolverband

Geen toekennings of vermeldings sal tydens die prysuitdeling vir enige buite-sport of buite-kultuur of buite-akademie gedoen word nie. (met uitsondering van die WOW-spelfees, wiskunde olimpiade en ATKV-redenaars wat deur die skool gekoördineer word). Tydens saalopeninge sal sodanige prestasies uitgelees word en met ouertoestemming op sosiale media platforms gepubliseer word. Boekpryse kan ook tydens saalopeninge uitgedeel word aan verdienstelike gevalle van besonderse vordering.

Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die relevante inligting en/of foto per e-pos aan prestasies@laerskoolfairland.co.za te stuur.

Waar van toepassing sal toekennings vir erekleure en half-erekleure dadelik toegeken word aan die gr. 7-leerders vir sport en kultuur na goedkeuring deur die beheerliggaam. Erekleure/half-kleure is onderhewig aan deelname aan inter-provinsiale (waar meerderheid provinsies teenwoordig is) of nasionale toernooie/ kompetisies vir sport.

Leerder moet die skoolspan verteenwoordig (lid van skoolspan wees) om in aanmerking te kom vir enige toekennings.

Die normkomitee behou die reg om finale besluit te neem ten opsigte van alle toekennings.

Enige ander toekennings wat moontlik in aanmerking geneem kan word, moet 2 weke voor die toekenningsgeleentheid ingehandig word.

Vir alle navrae in verband met die norm, stuur 'n e-pos aan norm@laerskoolfairland.co.za.